

**Woensdag 25 Maart**

**Skrifgedeelte: Lukas 2:41-52**

**Fokusgedeelte: Lukas 2:46-48**

### **Jesus die Koningskind tussen leraars**

**D**ie Kind, Jesus, ons langverwagte Koning, bevind Hom as 12-jarige tussen die leraars. Die rede hoekom Hy daar is, is dat 'n Jood 'n opdrag het om as pelgrim Jerusalem toe te gaan (Eks. 23:17; Deut. 16:16). Jesus het saam met sy aardse ouers as Joodse Seun gegaan.

Nadat hulle klaar was met die fees, het sy ouers huis toe vertrek en Hy het agtergebly in Jerusalem. Ná die eerste dag vind Josef en Maria dat Hy nie met hulle saamgegaan het nie, en hulle keer terug Jerusalem toe om Hom te gaan soek. Hulle vind Hom in die tempel in die midde van die leraars, en soos 'n Wyse het Hy geluister en vrae gevra (Luk. 2:46). Jesus Christus, die sondelose, het ook aan die leraars onderrig gegee. Die hoorders was baie verbaas oor sy verstandelike vermoë en sy antwoorde.

As gelowiges moet ons beseef dat die werking van die Heilige Gees nooit betwyfel moet word nie. Aan gelowige kinders word ook wysheid deur die Heilige Gees gegee.

Jesus Christus het egter as sondelose buitengewone insig en helderheid van verstand gehad. Daar is dus 'n onderskeid tussen Hom as Seun van God en Seun van die mens en ons sondige kinders. Omdat ons nog in hierdie sondige bedeling is, moet ons bid vir wysheid (Jak. 1:5) vir ons en ons kinders, sodat die regte onderrig gegee word.

Mag die Heilige Gees ons die genade gee om God se onderrig te gee soos Hy wil.

*Sing: Psalm 105-1:5*

*Dr. JJJ Erasmus (Kobus) (Volksrust/Ermelo)*